# 10 Januarie 2024 - Lesing 210 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Geloof **–** 27/7/61

**No: 7951** Julle moet die geloof in julle 'n nog veel vaster vorm gee, wat beteken, **dat julle nog meer in die liefde moet lewe, wat 'n lewende geloof voortbring.** Liefdeswerk is 'n direkte verbinding met My, Wie die ewige Liefde Self is. En dit moet al vir julle begryplik wees, dat julle, met My verbonde, nie meer kan twyfel of swakgelowig kan wees nie, **omdat Ek Self dan die waarborg is dat julle geloof nie verlore sal gaan nie.**

En so kan ook die wil om te glo sterk wees in julle, **maar julle moet dieselfde sterk wil hê om te werk in liefde**. Die liefde moet julle van binne aanspoor tot alle wil en handelinge en dan sal met alle sekerheid ook julle geloof sterk en onwankelbaar wees. Julle sal eenvoudig nie meer kan twyfel nie, maar seker wees van dit wat julle moet glo. **En hierdie geloof vol oortuiging sal julle gelukkig maak en julle innerlike rus gee,** want Ek Self is julle dan naby, omdat julle My **deur liefdeswerke** voortdurend na julle toe trek, want: "*Wie in die liefde bly, is in My en Ek in hom*".

Die liefde verbind ons onlosmaaklik en **die liefde bring 'n onwankelbare, lewende geloof voort**. En wanneer julle bid vir 'n sterk geloof, **dan moet julle terselfdertyd bid vir 'n sterker wil om lief te hê** en julle sal waarlik ook 'n sterker geloof bereik.

En as Ek julle dit steeds weer laat weet, weet dan dat julle 'n tyd tegemoet gaan, waarin julle 'n sterk, onwankelbare geloof moet besit om stand te kan hou tot aan die einde.

Besit julle daardie geloof, dan sal waaragtig niks julle kan laat wankel nie, wat julle ookal mag oorkom, want **dan weet julle dat Ek julle help** en dus vertrou julle julleself vol geloof aan My toe. En Ek is dan ook waarlik steeds tot hulp bereid. Ek sal julle nie in liggaamlike of geestelike nood laat nie, **want julle het deur julle bereidwilligheid tot liefde, deur julle lewenswandel,** alreeds Myne geword. Julle het julleself met My verbind en Ek kan nou voortdurend in en deur julle werk.

**'n Standvastige geloof is die grootste sekerheid wat julle kan besit**, want dit gee julle innerlike rus en gelatenheid teenoor al die aardse gebeure, wat Ek te alle tye van julle kan afwend, of die uitwerking op julle kan laat verminder, omdat julle glo.

En so moet julle gebed voortdurend lui: ***"Vader, help my, dat Ek in liefde kan werk en laat my wil om lief te hê steeds sterker word".*** En die wil om lief te hê sal in gelyke mate toeneem, **want liefde waarborg My aanwesigheid en My aanwesigheid waarborg hulp in alle nood.**

Liefde waarborg ook die besef van alle samehang en daarmee ook begrip vir alles, wat weerderom slegs tot versterking van die geloof moet bydra. Die liefde is alles - **en het julle die liefde, dan is julle ook vol van krag vanuit My**. En hierdie krag stel julle ook in staat om **ongewone dinge** uit te voer wanneer dit nodig is, wanneer weer slegs die liefde julle daartoe aanspoor om te wil help.

Dan besit julle die **geloof wat berge versit** en dan sal julle niks vrees, wat ookal oor julle kan kom nie. Want dan is julle verbonde met Hom, Wie Meester oor alles is, **Wie ook die elemente gebied dat hulle julle sal spaar** en Wie Homself ook as julle Vader wil waarmaak, Wie Sy kinders liefhet en hulle nie wil prysgee aan die verderf nie.

Rig hierdie bede om versterking van julle geloof en julle wil om lief te hê daagliks aan My, want dit is 'n geestelike versoek, wat Ek ook sal inwillig, **omdat die liefde en die geloof nodig is vir julle voleinding**. Amein.